


# TILLIE EN DIE TINKTINKIE



“Ag ma ...” kla Tillie terwyl sy teen haar ma stoei toe sy haar by die kwekery se deur insleep.

“Ek is nie lus om na *boring* praatjies te luister oor waar plante vandaan kom nie ... en dan moet ons nog ure rondloop sodat ma die kar kan volstop met plante wat lyk of dit uit *The Sims* uitkom!” kla Tillie sleepvoet hier agter haar ma.

Tillie se ma stop dood in haar spore, buk af en kyk Tillie in die oë.

“Vandag van alle dae gaan jy jou gedra, verstaan jy my?” sê Tillie se ma kwaai.

Tillie sug. Haar oppasser het siek geraak en toe moes haar ma haar vandag na een van haar vervelige praatjies oor plante en wie weet wat nog saamsleep. En wie wil nou saam met ander kinders sit en luister oor waar plante vandaan kom ... en dit in ‘n kwekery van alle plekke!

“Maar mamma weet hoe baie haat ek die plantplek ... hier is klomp goggas en *siesa* goed!” ril Tillie terwyl sy haar ma smeekoog aankyk.

Tillie se ma sug, gryp haar hand en stap doelbewus vorentoe na waar die kinderafdeling in die kwekery is. Sy gee Tillie ‘n soen op die voorkop en voor Tillie weer kan begin kla, draai sy om en loop in die rigting van die ouditorium.

Tillie kyk vies om haar. Orals is breinlose babas en ander kinders waarmee sy nie wil maatjies maak vir die dag nie. Boonop is tannie Skeeloog ook weer hier en gaan sy seker vandag weer een of ander praatjie maak oor hoekom slange van bome hou of iets. Tillie gril ... tannie Skeeloog lyk regtig nes ‘n geelslang. Die gedagte aan die vrou met die skeel oë, plat hare en benerige bou, laat haar sommer hardop lag asof daar niemand om haar is nie!

“Moet jy so hard lag? Genugtig jy klink soos ‘n kraai as jy lag,” hoor Tillie ‘n stem bokant haar kop.

Mpf, wie sal so lelike ding vir haar durf sê? wonder Tillie.

Tillie kyk rondom haar, maar sy sien nie iemand wat naby genoeg is om dit te kon sê nie. Is sy besig om mal te raak? Of praat die plante net terug? Sy sal nie verbaas wees nie, want haar ma praat so baie met hulle plante by die huis dat die plante al graad 5-Afrikaans sal kan deurkom!

“Joeeee-hoeeeeeeee!” kekkel die stem van bo af.

“Waar de?” vra Tillie verbaas.

“P-www-ffft!”

Eweskielik weet sy presies waar die stem vandaan kom. Woedend staan Tillie ‘n oomblik stil ... sy sien hoe wit, slymerige goed oor haar neus afloop en sy voel-voel met haar vingers aan haar goue hare wat dieselfde slymerige bolle op het as die wat tussen haar oë op haar neus afloop.

“Ewww—wwwwwww,” sis sy deur haar tande. Sy kyk vies op en wragtie ... daar sit die skarminkel op die tak en lag vir haar.

“Jou ... jou ... jou stert man!” spoeg sy die woorde uit.

Tillie voel in haar baadjiesak rond en kry ‘n gebruikte *tissue* en vee liggies oor die slymerige bollie wat oor haar gesig drup.

“Urg, jy is sooooo *siesa*,” spoeg Tillie die woorde uit na die voël hier bokant haar.

“Is nie ... ek is Tinktinkie,” antwoord die voël hier bokant haar kop verontwaardig.

“Wel, wat ook al jou naam is, jy gaan vermoor word vandag! Kyk nou hoe lyk ek? Helemaal nat van die wit bollie!” raas Tillie. “Was dit nou nodig, mmmm?”

“Tinktinkie dink so oomblik en wil-wil sleg voel voor hy onthou hoekom hy eintlik die bollie op Tillie se kop laat val het.

“Ek ... ek wou net jou aandag gekry het ...” sê Tinktinkie skaam en krap met sy pootjie teen die bas van die tak.

Tillie vee geïrriteerd oor haar gesig en stap nader aan waar Tinktinkie op die tak sit. So kwaad as wat sy is, so geïnteresseerd is sy in hierdie pratende voël! As haar ma maar tog net na haar wat Tillie is wil luister ... Tillie sê al hoe lank vir haar ma dat die kwekery vol *weirdo*'s is en dat sy nie wil saamkom nie ... *mpf*, en nou staan sy *wragtie* met ‘n voël en gesels? Verbeel jou!

“Urg, oukei ... hoekom wou jy juis my aandag hê?” vra Tillie skepties. Niks aan hierdie situasie is normaal nie, en beslis nie in haar gemaksonie nie.

“Want jy moet ons kom help om Oupa Salie die slang te help ... hy sit vas onder ‘n klip en Oupa Salie is al baie oud. Ons kan nie die klip beweeg nie en ons kort ‘n vetter mens om die klip te lig,” antwoord Tinktinkie vroom.

“Vetter mens, nogal?!” sê Tillie. “Vir iemand wat hulp wil hê, is jy darem maar baie ongeskik ...” sê sy vies.

“Ag toe nou ... ek praat nie baie met mense nie, ek is jammer ... ek bedoel maar net dat jy ... jy ... nie vere het nie en jy vir Oupa Salie sal kan help.”

Tillie kyk om haar en sien hoe al die ander kinders begin bymekaardrom om na die toespraak te luister wat ou tannie Skeeloog gaan lewer. As sy regtig vir Oupa Salie wil gaan help, gaan sy ‘n manier moet vind om hier uit te kom. Nog erger ... sy moet ‘n SLANG gaan red!

“So ... sê nou maar ek help jou ... hoe kom ek uit hierdie tronk uit? Hulle gaan sien as ek verby hulle loop om uit te gaan,” sê Tillie.

Tinktinkie dink so oomblik ... kyk dan na Tillie en kry dadelik ‘n blink idee. Hy byt ‘n lang stuk tou wat van die boom af hang met sy snawel af en hou dit in sy bek sodat dit tot voor Tillie se voete te lande kom.

Tillie kyk verbaas na die tou hier voor haar en dan na Tinktinkie in die boom. A-nee-a ... hierdie is een te veel vir haar senuwees!

“Is jy nou helemal deur die vere?” vra Tillie verbaas. “Jy gaan my mos nie kan hou nie? En so waar as wat my naam Tillie is, wil ek nie in die lug rondvlieg aan ... aan die stuk flentertou nie,” antwoord sy terwyl Tillie met haar vinger wys na die dele waar die tou loskom.

“Toe-nou! Jy is nie so vet nie, en as jy nie geweet het nie, ‘n Tinktinkie se snawel is van die sterkste goed wat daar op aarde is ... dalk sterker as *Superman* selfs!” laat Tinktinkie selfvoldaan hoor.

Tillie kyk vir ‘n oomblik skepties na Tinktinkie. Hy lyk wel nie groot nie, maar sy snawel is dun, krom en redelik sterk ... nes al die prentjies van die voël wat al die babas van die ma’s af steel ... of gaan gee hy dit nou vir die ma’s?

“Joeeee-hooeeyyyy, dis nie nou tyd vir dagdrome nie! Gaan jy kom of nie?” vra Tinktinkie en begin sy vlerke klap so asof hy ‘n vliegtuig is wat se enjin moet opwarm.

Dis nou of nooit besluit Tillie en gryp die tou voor haar styf vas en maak haar oë toe. Sy voel hoe sy eers stadig, maar dan met krag van die vloer af opgeswiep word. Sy maak haar oë stadig oop en sien dan hoe die grond al hoe verder van haar voete af verdwyn. Die ander kinders en tannie Skeeloo kyk almal na die vetplant met die baie dorings en sien nie eens hoe sy wat Tillie is in die lug op getrek word nie.

“Wow,” laat Tillie hoor terwyl sy al hoe hoër opstyg. Onder haar kan sy allerhande mooi blomme sien wat die mooiste kleure van pienk en pers is, in die verte sien sy ‘n paar woonbuurte, skole en mense op die horison! Dit is die *coolste* ding wat sy nog ooit gedoen het, dink Tillie.

“Sjieeeennn ek het mos gesjijê dit sal oukei wees,” spoeg Tinktinkie die woorde uit terwyl hy die tou so bietjie laat gly soos wat hy praat.

“Hierts ... bly jy liewers stil en kry ons veilig by Oupa Salie uit,” sê Tillie vies.

Tinktinkie begin stadiger vlieg en naby aan die einde van die kwekery se muur sien Tillie ‘n klein holte in die grond, so asof dit ‘n gat is wat niemand moet sien nie. Tinktinkie peil regop op die gat af.

Wat Tinktinkie nie sien nie is al die takke en blare wat voor Tillie is.

“Wag! Wag!” skree Tillie, maar dis alreeds te laat. Die een tak klap haar op die oor terwyl die een blaas in haar mond gedruk word. Tinktinkie vlieg regdeur die blare en bome en kom voor die groot gat op die grond te lande.

Tillie val op die grond en kyk vies na Tinktinkie. Haar hare is deurmekaar, vol sand en ander blare.

“Is jy blind? Jy het letterlik deur al die blare gevlieg en kyk nou hoe lyk ek?”

Tinktinkie kyk haar vroom aan ... “Ja, jy lyk nou of jy deur die blare is,” skater Tinktinkie van die lag.

“Ek hoop jy kry voëlgriep jou aaklige ding,” snou Tillie vir Tinktinkie toe.

“Ja-ja ... toe-nou ...” antwoord ‘n stem uit die gat uit.

Tillie kyk na die donker gat in die grond en kan nie mooi sien wat of wie presies met haar praat nie.

“Dis Oupa Salie ... hy wou vir ons wurms uit die gat gaan haal, maar toe val daar ‘n klip van bo, reg bo-op hom. Nie eens ons kan so laag afgaan nie en ons kan ook nie ‘n klip lig nie,” sê Tinktinkie hartseer en kyk na die res van die voëls op die takke, almal in afwagting vir Oupa Salie se redding.

Wonderlik, dink Tillie. Nou moet sy ‘n slang red en nog boonop in ‘n donker gat inkruip. Sy trek haar baadjie uit en rol haar pienk moue van haar hemp op. Sy gaan af op haar knieë en begin hande-viervoet nader aan die gat te kruip.

“Ek kan nie veel sien nie,” antwoord Tillie verbouereerd. Sy voel-voel voor haar en skrik so groot dat sy amper haar kop teen die opening van die gat stamp.

“Oeps, daai was my tong,” antwoord Oupa Salie.

Tillie begin histories gil en hardloop met haar hand in die lug rond - so asof haar hand nou gaan afval.

“Toemaar, kind,” kom Oupa Salie se stem uit die gat. “Ek het nie meer gif oor nie, ek is te oud! So dit sal jou niks maak nie!”

Tillie bedaar effens en kyk na haar hand hier voor haar. Skaam dat sy so bang was, skud sy haar hand ‘n paar keer en kruip dan weer terug in die gat, hierdie keer gaan sy die klip oplik!

Sy voel-voel weer ... vat aan oupa Salie se lyfie en voel toe die klip wat hier bo-op sy lyf lê. Met geen moeite nie, lig sy die klip en skuif agteruit om by die grot uit te kom.

“Ek is vry!” gil Oupa Salie vanuit die gat.

Met groot bewegings swaai oupa Salie sy slangheupe toe hy by die gat uitseil. Arme Tillie val amper op haar rug, want oupa Salie is die grootste slang wat sy nog ooit gesien het.

Oupa Salie die slang seil tot voor haar voete en lig homself op totdat hy omtrent dieselfde hoogte as Tillie is.

Tillie sluk hard aan die knop in haar keel. Vandag sluk die ding haar nog in.

Tot haar verbasing sit Oupa Salie sy kop op haar skouer om as’t ware vir haar ‘n drukkie te gee voor hy weer die plante inseil.

Goed om te weet die kwekery het ‘n *mamoewiese* slang wat in die plante wegkruip, dink Tillie.

“Jy is ‘n held, Tillie!” skreeu Tinktinkie en sy maatjies, terwyl Tinktinkie om en om haar kop vlieg. “Sonder jou sou Oupa Salie nie weer kon seil nie.”

Tillie bloos bloedrooi en kyk af na haar skoene ... eintlik is die kwekery toe nie so sleg nie. Sy sal dalk nog terugkom net om te sien of Tinktinkie weer op haar kop kom bollie.

“Tttt toe hou vas,” spoeg Tinktinkie weer deur sy bek met die tou in sy mond. “Onssss moet jou terugkry voor die ander fossiele sien jy wassss weg,” grap hy en met ‘n vaart styg Tinktinkie die lug in op dat mens net sien vere spat.

Tillie waai vir oulaas vir Tinktinkie voor sy na die groep kinders toe loop wat heelmiddag nog na die snaakste vetplant staar. Die plant lyk behoorlik of hy enige oomblik dorings gaan spoeg!

Volgende keer gaan sy nie stry as haar ma haar weer na dié *boring* plek toe wil bring nie, lag sy saggies in haar mou, terwyl sy hard probeer om na tannie Skeeloog te luister ...

**KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.**